

# Tweeslagtige kerksangpraktyk in die Nederduits Gereformeerde Kerk: historiese perspektief op 'n eietydse vraagstuk

## **Opsomming**

Die affiniteit vir 'n meer sentimentele, ervaringsgetigre geestelike lied is binne die NG Kerk as histories-religieuse verskynsel gevestig. 'n Analise van polemiek in *Die Kerkbode* toon dat die meerderheid lidmate ook tans liedere vanuit die jeugsangbundels bō die tradisionele reformatoriële kerklied verkieë. Nuutgekomponneerde liedere in hierdie bundels gryp beide in teks en musikale styl hoofsaklik terug op negentiende-eeuse *revival* tradisies. In teensrelling met die algemene opvatting dat daar binne die NG Kerk onlangs noemenswaardige vernuwing met betrekking tot die kerklied-idioom plaasgevind het, toon laasgenoemde binne die breër raamwerk van die kontemporêre hymnodie nie alleen 'n opvallende gebrek aan relevansie nie, maar ook as kontekstuele blik op die kerk se onlangse geskiedenis 'n skriende onbetrekkenheid.

## **The Dutch Reformed Church's dualistic hymnic practice: historical perspective on a contemporary problem**

Within the Dutch Reformed Church the yearning for a more sentimental, experience-orientated religious song has been established as a historico-religious phenomenon. An analysis of polemics in *Die Kerkbode* reveals that the majority of church-members presently prefer songs from the songbooks for young people (jeugsangbundels) to the traditional reformational hymn. Newly composed songs from these hymnals display a reactionary return to nineteenth-century revivalist idioms, evident in both text and musical idiom. Contrary to the general belief that significant renewals have recently taken place regarding the hymnody of the DRC, the latter displays an obvious lack of relevance within the larger framework of contemporary hymnody, as well as a blatant lack of contextuality with regard to recent church history.

**D**ie tema van relevansie in die aanbidding het gevestigde kerke oor die laaste aantal dekades wêreldwyd aangegryp: tans word dit inderdaad gesien as die hoofmotief van die laat-twintigste-eeuse liturgiese denke. Tradisionele vorme van aanbidding ondergaan drastiese veranderinge om seggingskrag te behou in 'n wêreld wat steier onder die onoorsienbare golf van populêre kultuur in die globale kulturele dinamika van ons tyd. Cliché's soos "identifiseer met", "die hier en die nou" en "ontmoet die mense op hul eie vlak" (Johansson 1993: 34) is reeds geruime tyd erkende wagwoorde in die stryd teen die geestelike doodsheid en koue rasionalisme waarin die tradisionele kerke geknel sit. Dit kom as geen verrassing dat laasgenoemde grootliks op die reformatories/gereformeerde kerke betrekking het nie. Vajta (1970: 73) suggereert dat hierdie feesloosheid en koudheid saamhang daarmee dat die tradisionele Protestantse erediens 'n *one-man show* is waar alle onus op die prediker as 'virtuous' rus --- slaag die *show* nie, soos wat teenswoordig nogal dikwels gebeur, misluk daarvan ook die hele erediens. Wolterstorff (1992: 274-6) wys daarop dat die gereformeerde liturgie dikwels niks meer behels nie as "the issuing of marching orders". Eietydse lidmate se behoeftte aan 'n groter betrokkenheid ten opsigte van die aanbidding roep daarom ook in die beoefening van die teologie om 'n paradigma-skuif vanaf "knowledge of God" na "experience of God" (Mead 1996: 32). In die praktyk kom dit egter daarop neer dat die kontemporêre godsdiensbelewing sterk identifiseer met 'n kultuur wat self in 'n diepe krisis verkeer. Ten spyte van wêreldwye vooruitgang gegronde op neo-liberale demokratiese denkpatrone en die gepaardgaande histories-ongeëwenaarde ekonomiese ontwikkeling (Strauss 1998: 56), is die eietydse samelewning 'n

cruel, cold, desperate world, a world that has embraced a common ideology of consumerism, [where] human fellowship and the certitudes of home and community no longer exist because their functions have become obsolete (Escobar 1994: 48).

In die VSA, Brittanje en Europa word daar geruime tyd reeds binne kerklike kringe skeptisme ervaar teenoor die onkritiese omarming van die kontemporêre sekulêre kultuur. Die vraag wat hierby na vore tree, is of die moderne spiritualiteit wat so na aan die

buitekerklike kultuur staan aan die diepste nood en behoeftes van die eietydse mens op die lange duur kan beantwoord. In sommige kringe is die wittebrood met vernuwing aan die taan, en word daar reeds die afgelope twee dekades of meer erken dat verwagtings geskep is waaraan die kerk nie kan voldoen nie. Dit is ook nie die geval dat die veranderinge en vernuwing bloot nog nie genoeg was nie: die gevoel van mislukking lê veel dieper. Davis (1970: 10-1) beweer reeds gedurende die sewentigerjare dat die posisie van die kerk vanweë die liturgiese hernuwing<sup>1</sup> eerder skade gelei as voordeel getrek het:

the changes in a way have made matters worse. Beforehand for most people the problem was dormant; the antiquated and unsatisfactory forms of worship at least had an aura of venerable tradition. Now the reforms [...] have left people constantly irritated by the grating inadequacy of a corporate worship neither ancient nor modern, their irritation all the worse because they cannot passively assist as before but have actively to take part. The informality [of experimental liturgies freely devised and practised] can be burdensome and more stifling than traditional forms. The new forms are often doctrinally and aesthetically impoverished and do not bear repetition.

Ook Liesch (1996: 20) wys op die verliese wat met 'vernuwende' aanbiddingspraktyke en die meer onlangse tendens van kerklike 'markgedrewenheid' gepaard gaan:

we must acknowledge that [these worship practices] tend to reflect values of popular culture that should not be 'bought into' unquestioningly — values that include 'instant gratification', intellectual impatience, ahistorical immediacy, and incessant novelty.<sup>2</sup>

Hierbenewens setel een van die mees eksistensiële probleme rondom eietydse aanbiddingsvorme — ironies genoeg — daarin dat die kerk, ten spyte van die koorsagtige soeke na 'n "experience of God", die egte bewuswording van God toenemend verloor. Waar hierdie ervaring as diepste essensie van die aanbidding verdwyn kom die reeds geestelik-verarmde eietydse mens — deur sy eie toedoen — ook in die kerklike lewe bedroë daarvan af. Cant (1975: 20-1)

1 Binne soortgelyke konteks dui 'vernuwing' dikwels op 'n blote verpopularisering of versekularisering van die erediens.

2 Vgl ook Myers 1989; Price 1993 en Westermeyer 1992.

identifiseer reeds meer as twee dekades gelede 'n diepe toekoms-pessimisme onder Christene waar die wêreld net één bodemlose put van uitsigloosheid en swaarmoedigheid word. Hy sien 'n direkte verband tussen hierdie verskynsel en "the loss of the sense of the special presence of God at the place and time of our approach to him" — 'n teenwoordigheid waardeur die Christelike lewe ook (of juis?) in die twintigste eeu sin en betekenis kan hê. Word die erediens egter slegs 'n sekularistiese *happening* — hoe uitbundig ookal — is die liturgiese viering van die Christus-gebeure weinig meer as (net nog) 'n horisontalistiese ervaring (Strydom 1994: 265).

## 1. Die kerklied in krisis: himnodie en die moderne godsdiensbelewing

Wat hou hierdie ontwikkelingē vir die kerkmusiek en spesifiek die kerklied in? Hustad (1994: 11) bevind dat ons 'n "post-hymnal age" betree waar die tradisionele kerklied terugstaan vir "uncomplicated songs [...] as short and encapsulated as news stories, and as repetitive as fast-food commercials". Hierdie standpunt word ondersteun deur Westermeyer (1995: 6-7). Hy voer aan dat die Weste vandag oor geen kollekiewe musikale geheue meer beskik nie, maar dat gemeenskaplike musikale kennis beperk is tot banale kommersiële *jingles* soos "you deserve a break today". Die invloed van die eietydse genres het ook binne die kerkmusiek 'n supereure posisie aan die mikrofoon en die solis of sanggroep gegee. Hierdie fenomeen het gemeentelike sang van sy mees wesenlike element — die geloofsbelewing van die gemeenskap van die heiliges — gestroop. Om hierdie rede het tradisionele liturgiese sang feitlik 'n kontrakulturele karakter aangeneem, 'n faktor wat op sigself 'n ernstige bedreiging vir die kerklied inhoud. Die psigiese armoede in die kerk en die behoefté aan 'n populêre kerkmusiekidoom kan direk in verband gebring word met die feit dat die tradisionele kerke se liturgiese erfenis waardeloos geword het (Hillert 1978: 249). Verder het die algehele vereenvoudiging en trivialisering van die geloof en van die evangelie daar toe gelei dat die 'ligter' stroom eietydse geestelike liedere dikwels nijs méér is nie as onmondige menslike 'wensdenkery'. Van "experiencing God" het daar min gekom. Hierdie ripe eietydse kerklied leun swaar op die eie, persoonlik-

emosionele ervaring. Hoewel die tekste *expressis verbis* wel "God" sê, het dit altyd in die eerste en laaste plek die ervaringsgeoriënteerde mens in gedagte. Die kommersiële tendens om 'n breë massa aan te spreek, word by hierdie genre net so op die liturgiese musiek oorgedra. Hierdie massa is slegs 'verbruikers' van die evangelie, en die enigste norm wat geld ten opsigte van die 'produk' wat gebruik word, is die bevrediging van die deursnee-smaak:

One of the real dangers, as I see it, is the thinking which suggests that in moving forward to new ground we pursue what is less than culturally strong in its content, and with a levelling down to the lowest common denominator rather than raising our sights high, which of course demand the greater effort. Soft options, together with unworthy and casual attitudes are all too readily pursued as hallmarks of what is termed contemporary culture, and this no less in the Church than elsewhere (Dakers 1989: 72).

Hierdie gegewens skets 'n somber prentjie rondom die stand van die kontemporêre hymnodie. Die bydrae van die media (en spesifiek die Amerikaanse fenomeen van die 'elektroniese kerk') het die vraag na godsdienstige vermaak wêreldwyd gestimuleer. Ofskoon daar in die twintigste eeu wél 'n beduidende stroom van 'kerklike' hymnodie ontstaan, is die impak totaal verswelt deur die wêreldwye opkoms van die charismatiese beweging sedert die sestigerjare, en daarmee samehangend die opkoms van die eietydse *praise and worship song* wat 'n magtige greep op die aanbiddingspraktyke van die tradisionele kerke verkry het. 'n Bewussyn van die teologie, psigologie en estetika van korporatiewe lofsang word deur hierdie invloede dikwels tot blote sentimentaliteit, of tot onrvlugting verskraal. Die skeidslyn tussen 'godsdienstige' en 'wêreldse' onrvlugting is in baie gevalle só subtel dat dit soms moeilik is om te bepaal waar 'die kerk begin' en waar 'die wêreld ophou'. Hierdie tendens is nie slegs aanwesig binne sekere vorme van die *praise and worship* musiek nie. Sedert die toetreden van gospelmusiek tot die hoofstroom van kommersiële musiek is die tendens ook duidelik sigbaar in die subtiese spel met 'religieusiteit' wat tans hoogmode binne suwer kommersiële genres is. Titels soos *Lord of the ages*, *Halo of ashes*, *Jesus Christ* en *Urban hymns* duï duidelik op 'n tweeslagtige flirtasie met die godsdienstige 'n tendens — duidelik onderliggend aan, en ten beste geïllustreer in die liriek van die Britse techno-groep *Faithless* se onlangse treffer "God

is a DJ".<sup>3</sup> Ook binne die meer 'akademiese' of kerklike stroom van eietydse himnodie tree hierdie verskynsel toenemend op die voortgrond, soos byvoorbeeld in die kontemporêre himnodie van Astrid Lindgren wat ewe effektief binne 'n kerklike en/of sekulêre milieu funksioneer (Selander 1996: 10-7).

Wat hou hierdie veranderinge vir die praktyk in? Kerke neig wêreldwyd steeds méér in die tigting van kontemporêre geestelike musiek wat charismatiese lofprysingspraktyke as oorsprong het. Die tradisionele himnodie met orrelbegeleiding maak toenemend plek vir die *worship team* bestaande uit 'n *praise band*, 'n aantal soliste en 'n *worship leader*. Hoewel *praise music* in die eerste plek op die massa gerig is, word die betekenis van 'samesang' binne hierdie (Amerikaanse) praktyk vaag en relatief. 'Belewenis' en 'betekenis' word private, bykans selfsugtige aangeleenthede wat op die individu afgestem is. Hiermee word die pastorale aard van tradisionele gemeentesang ingrypend verskraal, terwyl die eietydse mens paradoksaal juis soveel behoefté het aan gemeenskap, en aan gemeenskaplike belewing ten opsigte van die kerklied:

Congregational song grows out of a vision of community that transcends our brokenness and in a remarkable way acts as a healing balm. It points to a reality the human race knows in its deepest longing: that to be human is to sing; and that, as Augustine said, the heart is restless until it finds its rest in God. The atomizing we have done has left us profoundly lonely and separated from one another. That we cannot sing together is part and parcel of our disease, not unrelated to the psychic despair threatening to destroy us (Westermeyer 1995: 7).

Wat is die somtotaal van hierdie situasie, en waar staan die kerklied by die oorgang na 'n nuwe millenium? Yee (1997: 9-10) som soos volg op:

To those heavily invested in traditional hymnody, with its centuries of achievement and unquestioned depth, refinement and grandeur, the proliferation of praise music may simply be one more sign that our culture and church music in particular have gone to the dogs. Praise music, so it goes, belongs with sitcoms, video games, and shopping malls in the 'junk food' category of our cultural diet. Adolescent rhythms and melodies, narrowness of themes and

3 Faithless, *Sunday 8 pm*, Virgin Records UK 1998.

shallowness of treatments, a maddening tolerance for musical hack work and lyrical doggerel — all these are undeniably widespread on the praise music scene. Our culture is addicted to the kind of transient entertainment value and quick gratification that praise music does share, at least in part, with the Top 40 playlist. That some of the success of praise music has come at the expense of more nourishing and enduring genres is a cause for discouragement and regret.

## 2. Eietydse godsdiensbelewing binne die NG Kerk

Hoe raak hierdie tendense huidige aanbiddingspraktyke in Suid-Afrika? Hoewel die oorsese strominge plaaslike woelinge met etlike dekades vooruitgeloop het, is dit duidelik dat dieselfde gebeure ook in ons land toenemend sigbaar word. Ná die politieke oorgang van 1994 het Suid-Afrika amptelik 'n sekulêre demokrasie geword. Die gevolglike herstrukturering van ons samelewing het dramatiese gevolge vir die sosiale impak van die Christelike geloof in ons land ingehou. Strauss (1998: 57) sien hierdie proses soos volg: vir die grootste gedeelte van die huidige eeu was die Suid-Afrikaanse samelewing getypeer deur

- 'n blanke minderheids-elitie wat godsdiens-tig gemotiveer is deur 'n romantiese etniese kollektivisme,
- 'n groeiende nie-rassige intelligentsia gemotiveer deur verskil-lende paramarxismes en
- 'n meerderheidsgroep van "landvolk" met 'n heidense fatalistiese lewenshouding.

Ná apartheid, en gedeeltelik onder die invloed van die globale kulturele dinamika, word ons samelewing tipies saamgestel deur

- 'n nie-rassige elite gemotiveer deur neo-liberale pragmatisme en
- 'n ondergeskikte klas wat, hoewel verstedelik, steeds binne die greep van heidense fatalisme staan.

Hoewel hierdie tipering veral gemenend te werk gaan, hou dit tog 'n onstemmende mate van waarheid in — veral vir diegene wat nog glo in die demografiese aanspraak dat die meeste mense binne ons samelewing Christelik is. Ofskoon die impak van hierdie sosiale herstrukturering nie tans reeds bereken kan word nie, kan daar nie ontken word nie dat dit reeds 'n geweldige klimaatsverskuiwing ten

opsigte van die invloed van die tradisionele kerke ingehou het. Spesifiek wat betref die Afrikaanse gereformeerde kerke, en met name die NG Kerk, het daar radikale mentaliteitsveranderinge ingetree. Hendriks (1998: 131) bevind in sy onlangse ondersoek na makrogemeente-tendense dat die NG Kerk deur die grootste paradigmaverskuiwing van sy bestaan gaan. Waar die kerk voorheen tot 'n groot mate met die 'ou Suid-Afrika' vereenselwig is en as volkskerk 'n bevorregte posisie binne die samelewing geniet het, moet daar tans op die ope mark vir aandag meegeding word. Die kerk sal toekomstig al minder daarop peil kan trek dat sy natuurlike 'klandisie' (blanke Afrikaanse gesinne) hul lidmaatskap bloot uit lojaliteit sal kontinueer. As gevolg van die sterk assosiasie met die apartheidsregime het die kerk vir die jonger (en ouer) geslag intelligentsia geloofwaardigheid verloor. Die sekularistiese gees wat die land tans oorspoel het die Sondag en die Christelike feesdae van hul godsdienstige karakter gestroop. Godsdienst het 'n saak van persoonlike keuse geword, nie meer van 'n gemeenskaplike oriëntasie nie (Jonker 1998: 13). Terselfdertyd kan 'n beduidende persentasie van gemeentes finansieel nie meer die mas opkom of leraars op sinodale skaal vergoed nie. Buitelandse sendingbydraes word tot die minimum gesny. Pogings in die rigting van kerkeenheid stuit op die kerk se onvermoë om met die Verenigende Gereformeerde Kerk in die reine te kom. Hierby is wesenlik die totale vrug van die kerk se binnelandse sending op die spel. Die sterk Afrikaanse karakter van die kerk maak die posisie van die kerk binne 'n nuwe samelewing nóg moeiliker, aangesien Engels in Suid-Afrika al meer die taal van openbare kommunikasie en aansien word (König 1998: 112-3).

Onder hierdie omstandighede word die versoeking groot om mense te trek deur aan hulle te bied wat hulle graag wil hê. Die kerk-like styl ondergaan ingrypende veranderings en 'n populêre aanslag waarby op die individuele godsdienstige ervaring gekonsentreer word, tree op die voorgrond. Breedweg leun aanbiddingspraktyke binne die NG Kerk tans sterk oor na die oorwegend Amerikaanse tendense soos hierbo beskryf, dog (op hierdie stadium) met 'n meer konserwatiewe evangelikalies-metodistiese vroomheid as vernaamste

invloed.<sup>4</sup> Die idee is dat hierdie tipe spiritualiteit beter as die reformatoriële spiritualiteit by die tydsgees pas. Dit staan egter haaks op die tradisioneel-gereformeerde vroomheid — tot so 'n mate dat 'n paradigmatische verskil van godsdiensstige instelling die twee tipes vroomheid (breedweg tipeerbaar as 'geloovsvroomheid' en 'ervaringsvroomheid') ten grondslag lê. Die wesenlike onversoenbaarheid van hierdie vroomheidstipes bring reeds geruime tyd groot spanning binne kerklike geledere; tans stuut dit inderdaad op 'n identiteitskrisis af.

Jonker (1998: 11-3) bring in sy verklaring van huidige kragvelde binne die NG Kerk ook die konflik tussen die gereformeerde karakter en die volkskarakter van die kerk naas die onversoenbare vroomheidstipes te berde. Histories het hierdie kragvelde binne die kerk die pad gebaan vir die verbreking van die eenheid van die NG Kerk wat in groot mate daarvan toe te skryf was dat volksverbondenheid naas politieke faktore 'n rol gespeel het in die afsplitsing van die Nederduitsch Hervormde Kerk gedurende die vorige eeu. Verskille in spiritualiteit en 'n bepaalde klem op die gereformeerde karakter van die kerk het weer 'n bepalende rol gespeel by die afskeiding van die Gereformeerde Kerke. Die onversoenbaarheid van vroomheidstipes binne die kerk lei op sy beurt tot 'n krisis rondom die identiteit van die kerk. Hoewel die kerk amptelik en leerstellig niks anders as gereformeer wil wees nie, neig die kerklike aanslag in die praktyk tans sterk in die rigting van die *Evangelicals* en selfs na die Anabaptiste (Jonker 1998: 11 & 13).

Hierdie veranderinge raak die kerkmusiek ten diepste. 'n Dokumentanalise van polemiek uit *Die Kerkbode*, amptelike weekblad van die NG Kerk, bring aan die lig dat die meerderheid lidmate 'n meer bevatlike of eenvoudiger geestreliese lied bô die tradisionele reformatoriële kerklied verkies (Viljoen 1997). Hierby speel die konflik tussen botsende vroomheidstipes uiteraard 'n bepalende rol,

4 In hierdie verband moet daar egter op gewys word dat sommige gemeentes aanbiddingspraktyke nastreef wat heelwat nader staan aan suwer charismatiese lofprysingspraktyke. Die NG Kerk se "Diensjaar vir Christus"-groepe gebruik ook reeds geruime tyd 'swaarder' gospel-rock idioome wat grondiger met kommersiële genres identifiseer.

hoewel 'ervaringsvroomheid' volgens die uitslag van die ondersoek minder belangrik as 'eietydsheid' blyk te wees. Talle jongmense stel nie langer prys op die kerk se eeu-eue gereformeerde musiekerfenis nie. Die polemiek sinspeel sterk daarop dat die 'verouderde' kerkmusiek, meer as enige ander liturgiese element, 'n belangrike rol speel by die vervreemding van jongmense (Viljoen 1997: 3-5). Terselfdertyd is die 'piekniekliedjies' war onder die vaandel van jeugsang die kerk binnegekom het, 'n doring in die vlees van ouer lidmate (Mischke 1995: 21). Die feit dat vernuwingspogings in die praktyk 'n herdefiniëring van liturgiese sake as geheel ingehou het, wek by talle weerstand en selfs afkeer (Britz 1995: 7).

Die feit dat die ontwikkeling van die gereformeerde kerklied binne ons land reeds vir die afgelope twee eue aan spanninge en verskille onderworpe was, maak die konflik rondom die kerksang nie minder kompleks nie. Histories setel dit nie alleen in die botsende vroomheidstipes binne die kerk nie, maar het dit ook te make met lynreg-botsende ideale tussen die behoeftes van lidmate aan die een kant, en dié van beleidmakers ten opsigte van kerkmusiek aan die ander kant (Viljoen 1997: 6). Hierdie feit word geïllustreer in die dualistiese kerksangpraktyk wat oor elkele eeu heen binne die NG Kerk gekontinueer is. Terwyl één tipe kerklied geskik geag is vir gebruik binne die erediens, kon meer gemoedelike geestelike liedere oor die algemeen slegs buite die erediens aangewend word. Dit was egter veral laasgenoemde geestelike lied wat die sielsbehoeftes van heelwat lidmate kon bevredig. Hierdie tweeslagtige praktyk is in wese eers met die ingebruikneming van *Jeugsangbundel 2* in 1994 opgehef aangesien laasgenoemde ook binne die erediens aangewend kon word. Die probleme het hiermee egter nie op 'n end gekom nie: die bordjies is verhang, en die meer behoudende faksie lidmate het begin protesteer dat die *Jeugsangbundel* die Psalm- en Gesangboek as amptelike sangbundel van die kerk "verplaas" (Viljoen 1977: 79).

Aangesien die bogemelde dualistiese sangpraktyk die hart van die huidige krisis rondom die NG-kerklied raak, is dit belangrik om kortlik op die historiese wortels daarvan in te gaan — veral waar die kerk tans in afwagting van (nog) 'n nuwe sangbundel staan. Die veelbewoë geskiedenis van die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika is naamlik nie 'n verhaal van iets wat 'verby is' en daarom nou nie

meer ter sake is nie. Die verhaal van die verlede is in hierdie geval nie alleen die voedingsbodem wat die hede gevorm het nie, maar na alle waarskynlikheid ook die mees bepalende invloed ten opsigte van toekomstige ontwikkelinge.

## 2. Die lotgevalle van die gereformeerde kerklied in ons land: die ontstaan van 'n dualistiese kerksangpraktyk

Met Jan van Riebeeck se komste en die vestiging van die gereformeerde godsdiens aan die suidpunt van Afrika het die gereformeerde kerklied in ons land inslag gevind in die vorm van die psalmberymings van die Rooms-gebore Petrus Datheen wat op die Geneefse psalmmelodieë gesing is. Sieketroosters het aanvanklik by die eerste eredienste as voorsangers opgerree waarby "een vers, twee ofte drie [...] na de gelegenheyt des tyts" tot Gods eer opgeklink het (Hopkins 1965: 98). Van meet af aan het veral die melodieë van hierdie psalms hewige teenstand ontlok. Die rede hiervoor was waarskynlik die vreemde tonale gevoel van die kerkmodi, asook die feit dat die outentieke (lewendige) ritmiese uitvoeringswyse heeltemal verval het (Cilliers 1983: 34).<sup>5</sup> Pogings is daarom aangewend om alternatiewe vir die amptelike kerkliedere te vind. Selfs nadat Datheen se berymings in Nederland en daarna ook in die Kerk aan die Kaap gedurende 1775 met die Stateberyming vervang is, het klagtes aangaande die onsingbaarheid van die melodieë voortgeduur. Ofskoon die melodieë uit laasgenoemde bundel ritmies volgens die oorspronklike vorm genoteer is, is dit steeds isometries gesing, 'n gebruik wat volgens Luth (1986: 175) reeds vanaf die begin van die sewentiende eeu in Nederland ontstaan en in ons land voortgesit is. Hierdie praktyk het die oorspronklike vitale karakter van die psalms geweld aangedoen. Die Stateberyming moet egter ook

5 In hierdie verband moet vermeld word dat dié melodieë ook in Nederland reeds gedurende die sewentiende eeu as "erg moeilik" ervaar is. Patraclus Römeling lê in 1631 'n gravamen aan die Sinode van Groningen voor om beswaar aan te teken teen die "onmoontlike variasie van ritme en rym" in die 125 psalmmelodieë, met die versoek dat daar 'n veel kleiner aantal melodieë moet wees waarop al die psalms gesing kan word (Luth 1986: 147). Die probleem onderliggend aan Datheen se berymings was inderdaad daarin geleë dat die

binne die agtergrond van die rasionalistiese denkpatrone van die agtziende eeu gesien word: eerstens ontstaan die bundel op grond van staatsinmenging wat in Nederland lei tot ernstige kerkregtelike besware en gevolglik tot die Afskeiding van 1834 en die Doleansie van 1886. Tweedens adem hierdie bundel wat inhoud betref, die dooie, moraliserende gees van die tyd (Louw 1979: 15).

In die meeste reformatoriële kerke ontstaan daar op hierdie stadium 'n begeerte om naas die psalms ook evangeliese gesange te gebruik. Hoewel die Dordtse Sinode uit vrees vir Remonstrantse invloede aanvanklik geen gesange in die erediens wou toelaat nie, is die *Evangelischè Gezangen* op Nuwejaarsdag 1807 in die Nederlandse kerke, en gedurende 1814 in die Kaapse Kerk in gebruik geneem. Ten spyte van die invoering van hierdie bundel, het die klagtes aangaande die onsingbaarheid van die liedere voortgeduur. Hierdie ontevredenheid lei tot die ontstaan van die bundel *Halleluja! Psalmen en Gezangen der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika* wat in 1883 verskyn (Cillié 1983: 36). Vir hierdie bundel, wat wel goedkeuring vanaf sinodale kant geniet het (Carstens 1983: 44), is 'n hele aantal geheel nuwe psalmwyses geskep deur J S de Villiers, orrelis van die Paarl. Ironies genoeg was dit juis die nuwe melodieë wat veroorsaak het dat die bundel onder gemeentelede nie veel inslag kon vind nie (Carstens 1983: 45) --- 'n behoudendheid en weerstandigheid teen die 'nuwe' wat 'n bepaalde faksie lidmate binne die NG Kerk tot vandag toe geld (Viljoen 1977: 126).

ritme van sy verse hopeloos strydig met dié van sy melodieë was, aangesien hy by die vertaling van die psalms die oorspronklike voorbeeld van Marot en de Bèze konsekwend nagevolg het, terwyl die Geneefse melodieë onveranderd daarby gebruik is. Aangesien die ritme van die Nederlandse taal en dié van die oorspronklike Frans nie ooreengesrem het nie, her hierdie werkwyse in die praktyk tot erge verwarring geleid. In Nederland is daar selfs verwys na die "kreupele berijmings" van Datheen en is protes ook aangeteken teen die letterkundige en teologiese aard van die bundeltjie. Ten spyte van genoemde rekortkominge het die bundeltjie die harte van die gewone Gereformeerde kerkvolk in Nederland stormenderhand verower (Louw 1979: 14), 'n feit wat moonlik veral verband gehou het met Datheen se vurige preekstyl en die charisma van sy persoon.

## 2.1 Die invloed van die gereformeerde Piëtisme, Metodisme en die liederwysies

Terwyl daar dus op hierdie stadium reeds heelwat struweling rondom die amptelike bundels bestaan het, het die invloed van 'n aantal Nederlandse geestelike bundels gedurende die agtziende eeu die ontvanklikheid ten opsigte van die meer ervaringsgerigte geestelike lied verder gestimuleer. Hieronder sorteer die liederboeke van Sluiter, Van Lodenstein, Schortinghuis en Groenenwegen (Van Zijl 1991: 101-1). Ook hierdie liederbundels is naas die amptelike liederboeke gebruik, dog slegs buite die erediens. Die geestelike klimaat van die liedere was verteenwoordigend van die gereformeerde Piëtisme in Nederland (die sogenaamde nadere Reformasie) wat gedurende die agtziende eeu 'n hoogtepunt bereik (Cillié 1992: 477). Hierdie kerkliedere het op plaaslike bodem besondere aanklank gevind. Die inhoud daarvan was hoofsaaklik eensydig-subjektief, en getipeer deur 'n asketiese, dualistiese en selfs mistiese inslag.

Die invloed van die negentiende-eeuse liederwysies<sup>6</sup> was 'n verdere faktor wat 'n meer subjektiewe geestelike klimaat binne die NG Kerk gevoed het. Hierdie wysies het 'n integrale deel van die geestelike lewe van die Kaapse pioniers gevorm en was die teëlregte verklanking van ons voorgeslagte se vrome lewensbeskouing (Cillié 1993: 1-3).

Die Britse oorname van die Kaap het op hierdie stadium egter die mees deurslaggewende invloed op die kerksang van die Afrikaanse kerke uitgeoefen, 'n invloed wat só 'n geweldige impak gehad het dat dit heelwat van die eie Afrikaanse kultuur as 't ware "uitgevee en oorgeskryf" het, en waarby allerlei "Engelse gewoontes" die erediens binnegebring is (Van Niekerk 1970: 4; Louw 1979: 20). Die invloei

6 Gedurende die era van Britse oorheersing in Suid-Afrika is gewyde liedere dikwels gesing op wysies van Brits-Amerikaanse gewyde liedere, 'n praktyk wat veral gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu gefloreer het. Gewyde liedere war op sekulêre wysies van Brits-Amerikaanse oorsprong gesing is, het eweneens groot aanklank gevind, soos byvoorbeeld in die geval van "Moet ik steeds teen onspoed strijden" wat op die melodie van "Oh my darling Clementine" gesing is.

van Europese, Britse en Amerikaanse sendinggenootskappe het hierby 'n verdere rol gespeel. Die grootste invloed ten opsigte van 'n swaai ten gunste van die subjektiewe geestelike lied was bo alle twyfel afkomstig vanuit die invloedsfeer van die Puritanisme en veral die Metodisme. Hoewel die invloed van laasgenoemde stroming 'n geweldige opbloei van die Engelse kerklied gedurende die agttiende eeu tot gevolg gehad het, het die herlewingsdienste en die 'tweede-handse' Metodisme van Moody en Sankey gedurende die negentiende eeu gepaard gegaan met die ontstaan van talle minderwaardige, oppervlakkige liedere wat deur middel van sendingaksies wêreldwyd gewild geword het (Eskew 1980: 550). Hierdie liedere het plaaslik 'n geweldige invloed uitgeoefen om 'n gees van subjektiewe vroomheid en die gevolglike behoefté aan 'n meer ervaringsgerigte spiritualiteit te vestig. *Die Kinderharp* wat ongeveer in 1863 verskyn, toon dan ook 'n duidelike invloed van Morawiese, Lutherse, Anglikaanse en Metodistiese oorsprong. Die sterkste invloed was egter die sogenaamde Sankey-liedere uit die Amerikaanse *revival* tradisie (Beukes 1994: 6), op sy beurt 'n heelwat minder gesofistikeerde uitvloeisel van die Wesleyaanse *hymn*. Die meeste van hierdie liedere was minderwaardige, selfs goedkoop musiek; dikwels het hulle feitlik as "opwellings van die oomblik" ontstaan (Van Niekerk 1970: 2). Nogtans is die Kerk aan die Kaap, later die NG Kerk, oorweldig deur hierdie tradisie van herlewingsliedere (Wolmarans 1984: 3).

Amptelike teenkanting is egter spoedigervaar, veral omdat die herlewingsliedere ongereformeerde en in sommige gevalle selfs onskriftuurlike elemente bevat het, en nie aan die volledige heilsorde reg laat geskied het nie (Du Plessis 1900: 291).<sup>7</sup> Nogtans het die reeds genoemde *Kinderharp*, asook die *Zionsliederen* (1871) 'n geweldige invloed op plaaslike voorkeure rondom die kerklied uitgeoefen, 'n invloed vél groter as dié van blote kinderbundels. Aangesien beide bundels tot in die huidige eeu as nie-amptelike sangbundels gebruik is, was hierdie versamelings verantwoordelik vir die bepalende rol wat die Sankey-liedere oor 'n lang tydperk in

7 Die invloed van die Murrays en ander "volbloed Engelschen en Schotten" is selfs beskryf as die verspreiding van "giftige melk".

die NG Kerk sou speel. Van Niekerk (1970: 2) wys daarop dat hierdie liedere só 'n groot impak gehad het dat dit later feitlik as deel van 'n "eie Afrikaanse" musiekskat beskou is. Omdat die Sankeys primêr daarop gemik was om "siele vir Jesus te wen", is teenkanting teen dié liedere tot in die huidige eeu nie alleen as 'n oortreding teen 'n eg Afrikaanse tradisie gesien nie, maar ook as 'n dwarsbomming van evangelisasiepogings (Viljoen 1997: 121; 123). Die "godsdienstige melankoliese dronkenskap" (Van Niekerk 1970: 3) en "piëtistiese vroomheidsheimwee" (Viljoen 1977: 14) wat die godsdienstige klimaat van hierdie tipe geestelike lied kenmerk, hou voorkeure rondom die NG kerklied daarom tot vandag toe in 'n bepaalde greep.

## 2.2 Die twintigste eeu: die dualisme gekontinueer

Die invloed van die Sankey-lied was ook deurslaggewend in die versameling liedere van ds Charles Murray getitled *Halleluja: Lieder en voor Zondagskolen, Strevers- en Jongelingsverenigingen, Conferenties en Bijzondere diensten* (1903). Die bundel is met soveel welslae ontvang dat dit verskeie drukke beleef het. *Die Nuwe Halleluja* (1931) het 'n seleksie uit die vorige bundel bevat, asook 75 psalmberymings deur Totius en 100 vertalings van "Evangelische Gezangen" deur G B A Gerdener — nie-amptelik was dit 'n tipe proefbundel vir die komende psalm- en gesangboek (Beukes 1994: 7).

As uitvloeisel van 'n wêreldwye liturgiese bewuswording wat ook die gereformeerde kerke in Nederland en Suid-Afrika raak, ontstaan daar mettertyd vanuit amptelike kringe toenemend weerstand teen die beheptheid met liedere wat die oppervlakkige bekoring van 'gevoelsgodsdien' verheerlik. Gedurende 1945 word daar op die Kaapse Sinode van die NG Kerk besluit dat 'n grondige ondersoek na die skriftuurlike, musikale en letterkundige inhoud van die *Hallelujabundel* ingestel sou word (NGK 1945: 386). Die voorgestelde hersiening sou egter ingrypend wees (NGK 1949: 331). Hierdie stand van sake lei tot soveel weerstand onder lidmate dat daar by die Kaapse Sinode van 1957 met groot meerderheid van stemme aanvaar word dat die "ou wysies" as alternatiewe by 'n herdruk van die *Hallelujabok* ingevoeg moes word (NGK 1957: 54).

Van meet af aan was die *Hallelujabundel* van 1960 kontroversieel. Die toevoeging van die ou wysies is vanaf amptelike kant gesien as 'n

retrogressiewe stap, te meer aangesien 23 van die 28 'ou' melodieë Sankeys was. Afgesien van besware teen die formele inhoud van die bundel, was daar ook ongelukkigheid jeens die feit dat liedere op groot skaal vanuit 'n nie-gereformeerde liedereskat oorgeneem is. Tydens die Algemene Sinode van 1962 word twee besluite geneem met die oog op die herstel van die amptelike kerklied binne die NG Kerk. Eerstens sou 'n kommissie vir Kerkmusiek en Liturgiek in die lewe geroep word, terwyl daar voortaan slegs aan één amptelike sangbundel binne die NG Kerk erkenning verleen sou word. Terwyl hierdie besluit die amptelike strewe om die gereformeerde kerkmusikale erfenis te herstel illustreer, het talle stemme in protes opgegaan teen wat gesien is as die 'uitfassering' van die Halleluja. Polemiek vanuit hierdie tydperk toon dat die *Hallelujabundel* steeds 'n geweldige rol in lidmate se godsdiestige behoeftes speel, en dat klem veral gelê is op die vertroostende en bekerende krag wat van die liedere uitgaan (Viljoen 1997: 101-3). Dit is veelseggend dat hierdie bundel so onlangs as 1982 'n herdruk beleef het.

In die verloop van hierdie uiteensetting het dit reeds duidelik geword dat alle amptelike bundels wat die Datheense psalms opgevolg het, tot groot mate dieselfde droewe weg van teenkanting en verwerving onder lidmate gegaan het. Ofskoon die *Psalm- en Gesangboek* van 1944 — die eerste sangbundel in Afrikaans — 'n opregte poging was om die nou reeds eeu-eue onrustigheid rondom die kerklied te besweer, het ook hierdie bundel aan soveel tekortkominge mank gegaan dat hersiening spoedig genoodsaak was. Een van die grootste probleme was steeds gesetel in die ritmiese uitvoeringswyse van veral die psalms, hoewel teologiese en letterkundige aspekte van die tekste ook heroorweging gevverg het. Die *Psalm- en Gesangboek* van 1978 is daarom gekonsipieer as 'n grondige hersiening van die 1944 bundel. Die bundel het, afgesien van 'n uitbreiding en aanpassing van die gesange, veral 'n groot terugswaai na die Geneefse psalmmelodieë verteenwoordig. Kloppers (1997: 243) wys egter daarop dat onkritiese werkwyse wat neerkom op 'n fundamentalistiese en positivistiese dwangbuis, asook 'n minagting van die gelowige eietydse Christenmens se ervaringswêrelde wat in die breë geskiedenis van psalmomdigting hoogty gevier het, helaas ook in die geval van hierdie bundel van toepassing

was. Laasgenoemde faktore het uiteraard 'n groot invloed gehad met betrekking tot die onguns waarin psalmsang tans verkeer. Dit is daarom reeds geruime tyd duidelik dat ook die 1978 sangbundel, ten spyte van die bedoelinge van die destydse Interkerklike Hersieningskommissie, die moeisame pad na die aanvaarding van die meerderheid lidmate nie suksesvol kon aflê nie. 'n Ontleding van polemiek gedurende die tagtiger- en negentigerjare toon dat 65% van lidmate — jonk én ouer — die *Jeugsangbundels* bo die *Psalm- en Gesangbundel* verkies (Viljoen 1977: 158). Die onbevatlikheid van die Geneefse psalmmelodieë, naas die gebrek aan liedere met 'n eietydse en meer gevoelsmatige inslag, bly hierby steeds die grootste bron van ongelukkigheid en ergernis.

Die *Jeugsangbundels* 1 en 2 (onderskeidelik 1984 en 1994), tesame met *Sing onder mekaar* (1989) is die jongste toevoegings tot die liedereskatalogus van die NG Kerk. Vanuit amptelike kant is daar met hierdie bundels getrag om die behoeftes van veral die jonger lidmate op sinnvolle wyse te akkomodeer. In die lig van musikaal-stilistiese oorwegings kan hierdie bundels egter nie as "vernuwingspogings" gesien word nie; veral die nuutgeskepte liedere is geensins "eietyds" of "in die idioom van die jeug" soos wat die onderskeie voorwoorde tot die bundels te kenne gee nie, maar veel eerder aansluitend by 'n styl wat steeds herinner aan die Sankeys en op sy beste 'n kunsmatige, cliché-agtige nabootsing van die negentiende-eeuse kerklied verteenwoordig (op sy slegste is sommige bydraes niks meer nie as blote amateurpogings). Dit is hoogstens (in enkele gevalle) 'n bietjie meer perkussief ingeklee — vergelyk byvoorbeeld "Aan die Vader dank en ere" en "Al jul volke klap jul hande", asook "Ek is bly" uit *Jeugsangbundel* 2. Hoewel daar met hierdie bundels op amptelike vlak getrag is om verder weg te beweeg van 'n kerksangdualisme, het die gewildheid van veral *Jeugsangbundel* 2 in die praktyk 'n nuwe probleem geskep: die groen boekie vind méér inslag as die amptelike bundel en het die *Psalm- en Gesangbundel* in sommige gemeentes bykans verdring. In die lig van 'n nuwe sangbundel waarby benewens 'n nuwe psalmordigting en die vervanging van problematiese Geneefse melodieë, 'n verdere uitbreiding en modernisering van die gesange ter sprake is, is die vraag na die 'ewigheidswaarde' van hierdie jeugbundels tans nie pertinent nie. Die oorhaastigheid

waarmee die bundels saamgestel is, blyk helaas in die gemelde amateurismes, asook in die feit dat sommige van die liedere kwalik geskik is vir liturgiese gebruik. Nogtans kan opgemerk word dat veral *Jeugsgangbundel 2* in sy verskeidenheid en keuse van liedere 'n mate van ooreenkoms toon met ekumenies-liturgiese tendense wat sedert die vyftigerjare wêreldwyd binne die himnologie na vore kom.

### 3. Die NG kerklied as eietydse vraagstuk

Dit is duidelik dat die affiniteit vir 'n meer sentimentele, ervaringsgerigte geestelike lied binne die NG Kerk as histories-religieuse verskynsel gevestig is. Ook die jongste jeugbundels van die kerk reflekteer hierdie gegewe tot groot mate, aangesien die 'nuwe' liedere stilisties geensins aansluit by die klank- en leefwêreld van vandag nie, maar beide in teks en musikale styl hoofsaaklik teruggryp op die negentiende-eeuse *revival* tradisie. Hierdie bevinding plaas 'n vraagteken agter die algemene opvatting dat daar binne die NG Kerk onlangs noemenswaardige vernuwingen met betrekking tot die kerklied-idioom plaasgevind het.<sup>8</sup>

Word breër tendense binne die himnodie by die oorgang na 'n nuwe millennium in gedagte gehou, vertoon die NG kerklied egter as geheel 'n opvallende gebrek aan relevansie, nie alleen ten opsigte van resente ontwikkelinge binne ander gevestigde kerke nie, maar júís ook binne die konteks van die kerk se eie veelbewoë politiek-religieuse agtergrond. Die himnodie van die tradisionele kerke is histories suiwer op grond van konfessionele inhoud gerig, wat meegebring het dat sangbundels 'n besondere samestelling geniet het, wat vanuit die eie geskiedenis en die eie geledere van 'n bepaalde denominasionele stroming bepaal is. Hierdie beginsel verbreed reeds gedurende vorige eeu deur die oor-en-weer gebruik van vertaalde liedere, dog heelwat meer pertinent gedurende die huidige eeu as

8 Die waarneming raak ook die 'koortjies' en *gospel* liedere vanuit die charismatiese invloedsfeer geld wat nie-amptelik in sommige eredienste aangewend word (hoewel die begeleidings in laasgenoemde geval weliswaar nader beweg aan die meer eietydse kommersiële idiome, sy dit dan weereens die meer sentimentele vorme).

gevolg van die toenemende klem op ekumenisiteit. Gedurende die laaste aantal dekades het verdere verskuiwings plaasgevind ten einde kulturele diversiteit te reflekter. Hierdeur ontstaan 'n tipe 'intra-konfessionele' sangbundel waarby daar nie alleen ryklik geput word vanuit die kerkmusiek skat van die periode vóór die historiese kerkskeiding nie, maar ook vrylik 'geleen' word uit die himnodie van verwante denominasies, en selfs vanuit die liedereskatalogus tradisioneel 'teenoorstaande' kerkgroepes. Tans is daar reeds 'n aansienlike aantal liedboeke wat beide ekumeniese en intra-konfessionele gesindheid op streeks-, nasionale asook internasionale vlak weerspieël, waarvan die bekendste miskien die Wêreldfederasie van Christenstudente se bundel *Cantate Domino* en die Wêreldraad van Kerke se *Worshipping ecumenically* (Wainwright 1996: 43).

Benewens hierdie verskuiwings speel ook 'n verskeidenheid van eg eietydse temas op die ontwikkeling van die kontemporêre kerklied in. Hoewel die invloed van lofprysingsmusiek vanuit die charismatiese sfeer veral gedurende die onlangse dekades sodanige impak gehad het dat daar soms verkeerdelik gemeen word dat laasgenoemde die enigste vernuwende tendens verteenwoordig, het belangrike ontwikkelinge egter ook binne die formele<sup>9</sup> himnodie afgespeel. Hier word veral gedink aan die baanbrekerswerk van figure soos Sydney Carter en Malcolm Stewart in Brittanje gedurende die sestiger- en sewentigerjare, terwyl Pratt Green, Fred Kaan en Brian Wren op internasionale vlak bydraes gelewer het. Routley (1982: 96) beskyf die werk van hierdie groep himnodiste as die "Renaissance" van die Britse himnodie. Met uitsondering van die Presbiteriaan Thomas Troeger se eietydse "teologiese poësie" (Wren 1986: 13-19) is hierdie bydraes nie in Amerika geëwenaar nie, hoewel die werk van Episkopale soos Tucker, Robbins en Bowie wel vermelding verdien.

9 "Formele" himnodie is sinoniem met "kerklike" himnodie. Grindal (1996: 103-110) onderskei egter binne hierdie stroom ook nog die "akademiese" tradisie wat dui op 'n meer esoteriese neiging binne die eietydse Amerikaanse kerkliedtradisie. Hierby sluit sy in die poëtiese tekste van bv Carl Daw en Thomas Troeger wat reeds algemeen gebruik word, maar ook dié voorbeeldelike van literêr-hoogstaande, eietydse "open-ended poems" wat nie vir algemene liturgiese gebruik geskik geag word nie.

Ook in die Amerikaanse Lutherse gemeenskap is belangrike werk gelewer, terwyl daar in Wes-Europa en veral die Skandinawiese lande soortgelyke vordering gemaak is. Prominente tema's in hierdie meer ernstige stroom kontemporêre himnodie sluit onder meer in 'n klem op gemeenskap, verwysings na die moderne urbanisme, asook sosiale geregtigheid en 'n strewe na wêreldvrede (Eskew & McElrath 1980: 189). Tendense wat hiermee verband hou behels onder meer die soeke na kontemporêre simboliese metafore vir die Godheid wat wissel vanaf die meer tradisionele "Great poet, Painter / Architect / Whose artistry we see / In nature's gifts" (Herman Stuempfle) tot 'n tipies negentiger *imago* van God as "the ultimate spiritual support group, available in times of sorrow, languish, confusion, and temptation" (Julia Morgan), terwyl daar in die werk van Lehman en Swope selfs sprake is van 'n (Amerikaanse?) "scriptwriting 'Producer' God" wat 'n "justice-keeper's role" met politieke ondertone speel (Rogal 1997: 32).<sup>10</sup>

In sommige kontemporêre liedboeke word ernstig getrag om ook die moderne poesië te inkorporeer, met name in die eietydse Skandinawiese bundels, hoewel hierdie tendens ook meer onlangs binne Amerikaanse geledere aandag geniet. Ten spyte van reële probleme rondom die toonsetting van hierdie genre, bestaan daar 'n aantal voorbeelde waar laasgenoemde suksesvol binne die kontemporêre kerklied aangewend is.<sup>11</sup> Hierdie werke word gekenmerk deur konkretheid van teks en 'n soms brutale tekening van die werklikheid wat verband hou met die wêrelf van die eietydse visuele

10 Van den Brom (1996: 135) wys daarop dat die estetiese analogie van kunstenaar-tot-kunswerk en die verhouding tussen God en wêrelf reeds in Thomas Aquinas se *Summa Theologica* voorkom. Ook Calvyn wend hierdie metafoor dikwels aan in sy *Institutes*: "[He] often compares the universe with a 'glorious theatre' ('this most beautiful theatre') in which human beings are placed [...] this picture of the world evokes the language of drama or tragedy with God as Dramatist who is both designer of the stage and author of the play".

11 In hierdie verband moet egter gemeld word dat die toonsetting van eietydse tekste oor die algemeen problematis is vanweë die geweldige kloof tussen die twintigste-eeuse kunsmusiek en die 'gebruiksmusiek' van ons eeu. In die meeste eietydse liedere bestaan daar daarom 'n diskrepansie tussen die eietydsheid van die tekste teenoor die relatiewe behoudendheid van melodië, 'n gegewe wat veral betrekking op die singbaarheid van die liedere en die aanvaarbaarheid daarvan vir die moderne mens.

kuns. Waar die tradisionele himnodie hoofsaaklik vanuit Bybelse metafore put, word hier dikwels gebruik gemaak van simboliek vanuit die moderne urbanisme, soos bv in Frostenson se “In the eddies of life, in the noise of the streets, we sometimes catch the light of your face” (vertaling Selander), in Aastrup se verwysings na fabrieke, skole en teerstrate, asook die konkrete verwysings na ambulans, chirurg en hospitaal in die werk van Setterlind (Selander 1996: 21-2).<sup>12</sup> Wanneer Bybels-ontleende beelde wél binne die moderne himnodie aangewend word, word uitgebreide similes dikwels bō metafore verkies, soos bv in Hallqvist se skilderende “As the dry soil drinks the rain, as the earth receives its seeds and hides it, Lord, let us receive your word” (Selander 1996: 23). Bybelse beelde word ook treffend aangewend binne die eietydse, dog Skrifgebonden poësie van Troeger. Sy beeldryke liedtekste word gekenmerk deur 'n evokatiewe gebruik van die Engelse woordeskata, dog met 'n onmiskenbaar kontemporêre herinterpretasie van die Bybelse gegewe:

These things did Thomas count as real:  
the warmth of blood, the chill of steel,  
the grain of wood, the heft of stone,  
the last frail twitch of flesh and bone.

The vision of his sceptic mind  
was keen enough to make him blind  
to any unexpected act  
too large for his small world of fact.

His reasoned certainties denied  
that one could live when one had died,  
until his fingers read like Braille  
the markings of the spear and nail.

May we, O God, by grace believe  
and thus the risen Christ receive,  
whose raw, imprinted palms reached out —  
and beckoned Thomas from his doubt.<sup>13</sup>

- 12 Op eie bodem mens dink hier onwillekeurig aan die geïsoleerde voorbeeld “God van yster en beton” (*Sing onder mekaar* 17), Strydom se vertaling van Westerbrook se “God of concrete, God of steel”.
- 13 Uittreksel ontleen aan *New hymns for the Lectionary — to glorify the Maker's name, music by Carol Doran, words by Thomas Troeger*. New York: Oxford University Press, 1986.

'n Ander tema wat binne die eietydse himnodie na vore tree, is die betrokkenheid by omgewingsbewaring en die ekologie wat veral blyk uit die werk van die Britse himnodis Brian Wren (Grindal 1996: 103), asook in Stuempfle se verwysings na "die gewonde aarde", "die geduldige aarde"; "die kermende aarde". Teenoor Wren se soekte na vergifnis ("Forgive our spoiling and abuse of them / Help us renew the face of the earth") lys Stuempfle vergrype teen God se wêreld as 'n agtergrond waarteen die skepping van die "Nuwe Aarde" aangrypend afgespeel word (Rogal 1997: 32).

Waar eietydse sangbundels put vanuit die tradisionele liedereskat van vorige eeu, word anakronismes soos *thee*, *thine* en *thou* verwijder en met meer kontemporêre uitdrukings vervang, soos byvoorbeeld in Wesley se "Thee we would be always blessing / love thee as thy hosts above" wat verander is na die pronte "You we would be always blessing, love you as your angels love" (Young 1997: 30).<sup>14</sup> Ook word eksklusiewe taal verwijder, byvoorbeeld "Watchman tell us of the night" wat verander na "Watcher tell us of the night"; "What a fellowship" wat aangepas word na "What a covenant" en die (meer drastiese) vervanging van "God of Abraham" met "God of Sarah". Manlike verwysings na God en Christus word dienooreenkomsdig aangepas, byvoorbeeld Cowper se "God is his own interpreter / and he shall make it plain" wat aangepas is na "God is God's own interpreter / whose truth shall make it plain". Hierby aansluitend is daar toenemend 'n neiging om verwysings na God as 'Vader' en Christus as 'broer' te herformuleer, soos blyk uit die dubieuze aanpassing van "Thou our Father, Christ our brother" tot "Loving Spirit, Father, Mother" (Rogal 1997: 32).<sup>15</sup>

Waar manlik-georiënreerde metafore vir gesag soos "king", "kingdom" en "master" nie met "queen", "queendom" en "mistress" (!)

14 Voorbeeld ontleen aan die Amerikaanse United Church of Christ (1995) se *New Century Hymnal*.

15 Hier moet egter gemeld word dat resente metafore en omskrywings vir die Godheid vanuit 'n theologiese standpunt soms in troebel warers vaar, soos bv Daw: "God not female, God not male / God for whom all labels fail" (Rogal 1997: 32) of Wren: "Who is God — young or old? / near or far? / she or he? / All of these / and none at all" (Grindal 1996: 103).

vervang kan word nie, word uitdrukkings soos "Sovereign", "dominion", "Head" en "realm" aangewend (Young 1977: 30-1). In hierdie verband kan die volgehoue gebruik van voor-demokratiese retoriek soos "kroon", "soewerein", "troon" en "regeerder" wat sinspeel op die "godgegewe" reg om te onderdruk, egter op sigself bevraagteken word. Binne die onlangse *New Century Hymnal* (1995) van die United Church of Christ in die VSA is ook alle verwysings na militarisme konsekwent verwyder (hoewel Viktoriaanse triomf in "Lead on, O King eternal" kwalik verbloem is as "Lead on, eternal Sovereign").

Ten spye van die eukumene, 'intra-konfessionele' karakter van eietydse sangbundels en die toepassing van algemeen-eietydse beginsels rakende die taalkundige en inhoudelike, weerspieël kontemporêre bundels tōg op heldere wyse die geskiedenis, teologie, sosiologie, beleid en ethos van 'n bepaalde denominasie (Young 1997: 37; Grindal 1996: 101). Laasgenoemde is veral duidelik in die onbeskaamde fokus op die temas van gemeenskap, sosiale geregtigheid en versoening wat gedurende die laaste aantal dekades na vore tree.<sup>16</sup>

Binne hierdie raamwerk vertoon die eietydse lied van die NG Kerk as opvallende uitsondering, wat in die konteks van die kerk se resente geskiedenis feitlik as 'n skreiende onbetrokkenheid vertolk kan word. Die verknogtheid aan afgewaterde *revivalist* idiome en spiritualiteit doen in hierdie oopsig nie alleen as 'n ooglopende vorm van ontvlugting aan nie, maar plaas ook 'n vraagteken agter die integriteit van die eietydse NG kerklied as kontekstuele blik op die onlangse geskiedenis van die kerk.<sup>17</sup>

16 Kloppers (1997: 277) in aansluiting by Grindal (1996: 103) wys egter tereg op die feit dat alle eietydse liedere nie ewe geslaagd is nie: pogings om polities (maar ook teologies en musikologies) "korrek" te wees, kan in sommige gevalle gewoon "bloedlose" tekste en musiek tot gevolg hê, of selfs opvallend mank gaan aan 'n verlies aan perspektief. Kloppers noem in hierdie verband die "omgekeerde diskriminasie" in in 'n eietydse lied van Zijlstra en Klein wat op die ekologie gerig is: "Hemel, ozon zonder gaten, 'k zie die walvis weer mer rust gelaten. Mensen niet meer blond en ureed, aarde niet meer uitgekleed" (my kursivering).

17 Op soortgelyke wyse bevraagteken Payle (1997: 121-6) die integriteit van die *Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling* (1983), wat volgens hom in alle oopsigte binne

In sy historiese toespraak tydens die Rustenburg Beraad in November 1991, voer Jonker (Alberts & Chikane 1991: 95-6) aan dat daar geen twyfel kan bestaan oor die profetiese rol wat die kerk te speel het met betrekking tot politieke onreg nie, veral nie wanneer politieke aksie onmoontlik gemaak word deur wetgewing, die verbanning van politieke organisasies en die opheffing van politieke opposisie nie. Levine (1981: 3 & 13) voer aan dat godsdienst en politiek binne alle samelewings en kulture binne gesamentlike strukture groei en verander op wyses waarby die twee kragte dikwels inmekaarvloeи — soms in gesamentlike ondersteuning, maar ook dikwels in konflik. Hierby beïnvloed die kerk sosiale en politieke gedrag egter op mees ingrypende wyse, veral vanuit die kerk se eie ‘beeld’, en die tasbare voorbeeld wat laasgenoemde ten opsigte van die sosiale en morele etiek stel.

Binne die onlangse geskiedenis van die NG Kerk is berou uitgespreek oor die ontoereikendheid van die kerk en die gebrek aan die beoefening van ’n profetiese rol gedurende die apartheidsera. Die Algemene Sinode verklaar reeds gedurende 1990 dat die Belhar belydenis nie bots met die drie Formuliere van Eenheid nie (König 1998: 112); reeds vóór Jonker se belydenis tydens die Rustenburg Beraad verklaar dieselfde sinode ook apartheid as sonde (Alberts & Chikane 1991: 92). Hoewel hierdie aksies beantwoord aan die Bybelse oproep tot sosiale geregtigheid, het die uitwerking daarvan oor die laaste aantal jaar egter wesentlik nie veel verskil gemaak aan die na-binne-gekeerde gesindheid van die kerk, of aan die moontlikheid dat die kerk in die toekoms ’n volkome selfgerigte godsdienstige groep mag word nie.

die historiese, politiese, kulturele en opvoedkundige realiteite van die apartheidsera faal. Hy wys op die feit dat Bybelvertaling onherroeplik binne die raamwerk van ideologiese uitgangspunte geskied, en dat die NAV as gevolg van die vereenselwiging van Afrikaner-nasionalisme met Calvinisme slegs op “Afrikaanssprekende Afrikaners” afgestem is, eerder as op alle Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners. Payle maak spesifiek kaspie teen die opsigtelike ontkenning van die diverse kulturele en taalkundige erfenis van laasgenoemde breër ‘teikengroep’, maar ook teen krenkende formulering wat direk in verband staan met apartheidsideologie.

König (1998: 10 & 82) beweer onlangs dat daar 'n groot toekoms wag op kerke wat bereid is om te vernuwe, en hierby sluit hy die NG Kerk in. Terselfdertyd maak hy duidelik dat hy onder "vernuwing", ook in kerkmusikale opsig, hoofsaaklik 'n herlewing van die *evangelical* tradisie met 'n beperkte Pinkster-charismatiese invloed verstaan. Daar is reeds aangedui dat hierdie siening in die praktyk, en met name in die kerk sangpraktyk, grootliks neerkom op 'n ontvlugting binne subjektiewe, eie-ervaringsgerigte aanbiddingsvorme. Met betrekking tot die eietydse kerklied tree die problematiek van ontvlugting egter besonder pertinent na vore. Cray (1989: 6) beroep hom op die Bybelse begronding van Amos 5: 21-24 wanneer hy wys op 'n direkte verband tussen sosiale geregtigheid en die integriteit van die kerklied, asook die feit dat lofprysing sonder 'n ware verbintenis tot geregtigheid 'n gruwel voor God se oë is:

Ek haat, ek verafsku julle feeste,  
ek het niks aan julle feestye nie.  
Al bring julle vir My brandoffers  
en graanoffers,  
Dit is vir My nie aanneemlik nie,  
en Ek kyk nie eens na julle maaltydoffers  
van vetegevoerde kalwers nie.  
Gee pad voor my met die rumoer  
van jou gesing;  
Ek wil jou harpmusiek nie hoor nie!  
Maar laat die reg en die geregtigheid  
te voorskyn kom  
laat dit aanrol soos watergolwe,  
soos 'n strandhoudende stroom.

Hierdie tema, wat ook in Jesaja 1: 1-17 duidelik na vore kom, belig enersyds die belang van sosiale geregtigheid as deel van die grondslag en die roeping van die kerk, maar dui terselfdertyd op ongehoorsaamheid wanneer laasgenoemde uit die verlede en die hede van 'n kerk geweer word — spesifiek binne die verband van lofprysing. Hierdeur plaas dit onomwonne 'n vraagteken agter die soeke na vorme van vernuwing wat 'n belydenis en betrokkenheid rondom sosiale geregtigheid uitsluit. Cray (1989: 13-4) glo ook dat ware geestelike vernuwing en die gepaardgaande nuwe kwaliteit van aanbidding en nuwe visies binne die geestelike lewe van 'n kerk op geen manier moontlik is waar openheid nie bestaan oor die pyn, leed

## Viljoen/Die kerksangpraktyk in die NG Kerk

en stryd van die verlede nie. Hierdie openheid vra as 't ware vanself na 'n vernuwing van musikale inhoud en vorm:

We shall need to find a form which is a suitable vehicle to express longing, suffering and hope, as well as triumph, faith and doctrinal certainty. Our pain will help us to appreciate the world's pain so there will need to be a renewal of content addressing the issues of justice directly in an integrated and balanced way in the worship which forms us. We shall then read the Scriptures from a different perspective and for the first time understand the breadth and variety of expression in the book of the Psalms as precedent and example.

Wren (1983: lied 4) illustreer hierdie gesindheid op konkrete vlak in sy eietydse lied "When minds and bodies meet as one":

When people bear the burning sores,  
of greed and inhumanity,  
yet struggle in a righteous cause  
with joys of solidarity,  
then welcome all the hope that's won  
in every kind of unity,  
and join the dance in God begun,  
whose nature is Community.

At one in Christ, we break and bless  
the bread of new society,  
and celebrate togetherness,  
from infinite variety:  
so eat and drink what love has won,  
and seize the opportunity  
to dance with God, forever One,  
whose nature is Community!

Uiteraard is 'n openheid en sensitiwiteit rondom die temas van sosiale geregtigheid, belydenis en versoening slegs één van die aspekte wat tans binne die eietydse himnodie van die NG Kerk oorweging verg. Die belang hiervan kan binne die onmiddellike geskiedenis van die kerk nogtans nie negeer word nie. Die kerklied staan immers nie los van die geskiedenis van die kerk nie: nog minder verteenwoordig dit alléén die vrug van die eie individuele ervaring met God. Véél eerder behoort die eietydse kerksang 'n gesamentlike ervaring te wees wat die potensiaal inhoud om die krag van die evangelie op konkrete wyse na lewensomstandighede uit te dra. Hierdie oogpunt stel daarom geen eenvoudige eise met betrekking tot die vernuwing van die eietydse kerklied nie. Dit is

egter ook duidelik dat 'vernuwings' wat slegs in die eie ervaring opgaan en ontvlug, geen standhoudende verandering binne enige kerk teeweeg kan bring nie.<sup>18</sup>

In die jongste tyd het die gesprek rondom kerkmusiek en die kerklied binne gereformeerde kringe in ons land 'n nuwe vlak van (liturgie-)wetenskaplikheid betree. Hierby is veral die denke rondom 'n verantwoorde kontemporêre kerksangpraktyk en die ontwikkeling van 'n gereformeerde kerksangteorie, geskoei op 'n stewige Bybels-dogmatiese inslag, dog ook op die historiese groei van die Christelike erediens, ter sprake. In hierdie verband moet daar eerstens gewys word op Strydom (1994: 293-327) se navorsing insake 'n katoliekgereformeerde diensorde vir die NG Kerk wat teruggreik na die oudkerklike tradisie met sy ryke moontlikhede van feesreliek-sinvolle liturgiese handeling en geestelike diepgang — aspekte wat juis binne die (sogenaamd) gereformeerde opset ontbreek.<sup>19</sup> Ook

- 18 Cox (1995: 16-7 & 271) toon in hierdie verband aan dat daar tans ook binne die oorwegend wit pentekostalistiese kerke in die VSA tendense ervaar word wat andersyds dui op 'n versaking van die oorspronklike radikaal inklusiewe aard van die beweging, en andersyds 'n toenemende sekularisering plaasvind. Hy beskou laasgenoemde as "a dilemma [the pentecostals] may not survive. At least they may not survive it and still remain true to their origins". Sy waarnemings is veral verontrustend waar hy wys op die verskynsel dat die motief van geld en welvaart tans inderdaad 'n baie prominente plek binne die gedagrewêreld van die beweging beklee: "I had, in fact, noticed a lot of talk about money in pentecostal sermons, and not just to raise funds. They seem to talk about it much more than in the more established churches where the mention of filthy lucre seems a little gauche, and is usually restricted to Pledge Sunday. Money — why you don't have enough and how to get more — has come to play such a central role in many pentecostal churches that recently a whole new theology has grown up around it". Ook Cray (1989: 11) wys op die gevare verbonde aan 'n spiritualiteit wat hoofsaaklik op die eie ervaring koncentreer: "I regret that much Charismatic worship has been escapist. Instead of allowing the Spirit of God to enter into our suffering and struggle by openly acknowledging it and supporting one another in it, we have used the celebration of the Lordship and victory of Christ as a place of escape, without providing the connections for the application of that victory in our lives".
- 19 Woltersröff (1992: 274-7) huldig die siening dat gereformeerde tradisies soos dit vandag algemeen gehandhaaf word, veel meer mer Zwingli se enge beskouings te make het as met Calvyn se eie diensorde. Laasgenoemde staan

Kloppers (1997: 19) wys in haar besinning rondom liturgiese musiek as kommunikatiewe handeling in 'n postmoderne era op die feit dat daar wyer as slegs rondom kerkmusiek besin moet word, en dat trouens die erediens as geheel onder die loep geneem behoort te word. Talle faktore speel naamlik in op die feit dat liturgiese musiek binne die erediens in die gedrang gekom het: geykte liturgiese vorme wat aan betekenis verloor het, 'n kognitiewe verbalisme waaraan die erediens onderworpe is, 'n verlies aan die kunsgestalte van die erediens, en 'n miskenning van die simboliese waarde van sekere handelinge, rituele en visuele elemente, asook die invloed van die omringende musiekcultuur. Onderliggend hieraan lê die gebrek aan 'n grondige theologiese besinning ten opsigte van die funksie, aard en wesenlike plek van musiek binne die erediens. Kloppers toon aan dat juis die postmodern denkkultuur positiewe moontlikhede ten opsigte van die erediens bied: die breër rasionaliteitsbegrip met sy ruimte vir die affektiewe en nie-kognitiewe dimensies van menswees, die erkenning van simbole, simboolwêrelde, metafore, beelde en verbeelding, asook 'n sensitiwiteit vir die historiese — 'n vars perspektief wat nog nie vantevore in ons land belig is nie. Die vereenselwiging van hierdie standpunt met die postmoderne gees van anti-fundamentalisme hou opsigself die moontlikheid in van 'n oop kanon ten opsigte van die liturgie en die liturgiese lied, en daarmee saam ook die potensiaal vir kerksangvernuwing wat beantwoord aan die eis om nie net op die kognitiewe nie, maar ook op die affektiewe en die pragmatiese te bou.

Die toepassing van dergelike benaderings binne die opset van die gereformeerde kerke in ons land kan egter geen eenvoudige taak wees nie — spesifiek nie binne die NG Kerk waar die affiniteit vir 'n sentimenteel-oppervlakkige kerksangpraktyk reeds so ingrypend inslag gevind het, en waarby die komplekse geskiedkundige agtergrond van die kerk boonop so opsigtelik ontken word nie. Oplossings kan daarom op geen wyse voor die hand liggend wees nie — daar lê (inteendeel) na alle waarskynlikheid 'n moeisame en

heelwat nader aan die oudkerklike tradisie soos behou binne die Lutherse en Anglikaanse eredienspraktyke.

pynlike weg voor na die herontdekking van die eise van die kerklied as verklanking van ware, piëteit en spiritualiteit, 'n pad waar daar voorts ook rekening gehou behoort te word met 'n eerlike kontekstuele siening van die kerk se unieke onlangse geskiedenis. Binne hierdie komplekse problematiek verdien Cray (1989: 26) se uiteensetting van ware geestelike vernuwing en korporatiewe verbintenis binne die terrein van die eietydse kerklied daarom voorlopig oorweging:

As we learn to weep with those who weep and rejoice with those who rejoice and to hold the two in tension in our worship life we shall move nearer to worship that is in spirit and in truth. My prayer is that the Renewing Spirit will give us no peace until he has formed in us a spirituality and taught us to create a style of worship and a form of music which ordinary people can find both relevant and deeply disturbing, which touches their deepest needs and challenges them with the claims of Christ, which draws them beyond their own concerns into the heart of God for justice, through which they can express joy and sorrow, pain and hope and in the midst of it all encounter the Spirit of Jesus himself equipping them for his work in the world.

## Bibliografie

- ALBERTS L & F CHIKANE (eds)  
1991. *The road to Rustenburg*. Cape Town: Struik Christian Books.
- BEUKES J N  
1994. Jeugsangbundel 2: 'n him-nologiese bespreking. Ongepubl Hons BMus-skripsi: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- BRITZ R M  
1995. Is die vernuwing in die NG Kerk regtig Bybels? *Die Kerkbode* 155(25): 7.
- CANT H W  
1975. Christian worship today; its crisis and renewal. *Liturgical Review* 5(1): 19-34.
- CARSTENS J C  
1983. Die Halleluja-bundel as vernuwingbundel? Du Toit (red) 1983: 42-55.
- CILLIÉ G G  
1983. *Waar kom ons Afrikaanse gesange vandaan?* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.  
1992. Hester van der Walt: 'n Suid-Afrikaanse skryfster-digter uit die 18de eeu. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 33(4): 466-79.  
1993. *Afrikaanse liederuysies. 'n Verduynende kultuurskat*. Johannesburg: South African Music Rights Organisation (SAMRO).
- COX H  
1995. *Fire from heaven. The rise of pentecostal spirituality and the reshaping of religion in the twenty-first century*. Reading, Mass: Addison Wesley.
- GRAY G  
1989. Justice, rock and the renewal of worship. Sheldon (ed) 1989: 1-27.
- DAKERS L  
1989. The establishment and the need for change. Sheldon (ed) 1989: 49-68.
- DAVIS C  
1970. Ghetto or desert: liturgy in a cultural dilemma. *Studia Liturgica* 7(2/3): 10-27.
- DU PLESSIS C J N  
1900. *Uit de geschiedenis van de Zuid-Afrikaanse Republiek en van de Afrikaanders*. Amsterdam: [s n].
- DU TOIT, J H H (red)  
1983. *'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse kerklied*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- ESCOBAR S  
1994. Missions' new world order: the twenty-first century calls for us to give up our nineteenth century models for world-wide ministry. *Christianity Today* 38(13): 48-52.
- ESKEW H  
1980. Gospel music. Sadie (ed) 1980: 549.

ESKEW H & MC ELRATH H T

1980. *Sing with understanding. An introduction to Christian hymnody.*. Nashville: Broadman Press.

GRINDAL G

1996. Contemporary American poetry and current American hymnody. *Internationale Arbeitsgemeinschaft für Hymnologie, Bulletin* 24: 93-135.

HALTER C & C SCHALK (eds)

1978. *Handbook of church music*. St. Louis: Concordia.

HENDRIKS J

1997. Makrogemeente-tendense-  
1997. Nederduits Gereformeerde  
*Theologies Tydskrif* 38(1/2): 27-38.

HILLERT R

1978. Music in the church today:  
an appraisal. Halter & Schalk (eds)  
1978: 231-51.

HOPKINS H C

1965. *Die Moeder van ons almal: geskiedenis van die gemeente Kaapstad*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

HUSTAD D P

1994. Let's not just praise the Lord.  
*Vir die Musiekleier* 14(21): 11-5.

JOHANSSON C M

1993. *Music and ministry. A biblical counterpoint*. Peabody: Hendrickson.

JONKER W D

1998. Kragvelde binne die kerk.  
*Aambeeld* 26(1): 11-4.

1991. Understanding the church situation and obstacles to Christian witness in South Africa. Alberts & Chikane (eds) 1991: 87-98.

KLOPPERS E C

1977. Liturgiese musiek as kommunikatiewe handeling in 'n post-moderne era. Ongepubl DTh-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

KÖNIG A

1998. *Vernuwe of verdwyn*. Kaapstad: Lux Verbi.

LIESCH B

1996. *The new worship. Straight talk on music and the church*. Grand Rapids, Michigan: Baker Books.

LOUW J J

1979. Die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika: 'n kerkhistoriese ondersoek na die ontwikkeling van die kerklied in die Nederduits Gereformeerde Kerk. Ongepubl MTh-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

LUTH J R

1986. *Daer wert om't seerste uitgekren* ..., 1. Kampen: Van den Berg.

MCKIM D (ed)

1992. *Major themes in the Reformed tradition*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

MEAD L B

1996. *Five challenges for the once and future church*. Bethesda, Md: Alban Institute.

## Viljoen/Die kerksangpraktyk in die NG Kerk

### MISCHKE A

1995. Met lekker 'beat' wil jonges NGK laat aanpas by die tye.  
*Rapport 30 Julie:* 21.

### MYERS K A

1989. *All God's children and blue suede shoes: Christians and popular culture.* Westchester: Crossway Books.

### NEDERDUITS GEREFORMEerde KERK

1945. *Handelinge van die Dertigste Vergadering van die Sinode van die Ned. Gerf. Kerk in Suid-Afrika.* Kaapstad: NG Kerk Sinodale Kommissie.  
1949. *Handelinge van die Een-en-dertigste Vergadering van die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.* Kaapstad: NG Kerk Sinodale Kommissie.  
1957. *Handelinge van die Drie-en-dertigste Vergadering van die Sinode van die Ned. Gerf. Kerk in Suid-Afrika.* Kaapstad: NG Kerk Sinodale Kommissie.

### PAYLE K D

1997. The Afrikaans Bible translation: a translation for all Afrikaans speakers? *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 38(1-2): 122-9.

### PRICE M

1993. The impact of popular culture on congregational song. *The Hymn* 44(1): 11-9.

### ROGAL S J

1997. Some trends in recent American hymn texts. *The Hymn* 48(1): 30-2.

### SADIE S (ed)

1980. *The new Grove dictionary of music and musicians,* 7. London: Macmillan.

### ROUTLEY E

1982. *Christian hymns observed.* Oxford: The Olden Press.

### SELANDER I

1996. Modern hymns and modern poetry — a mirror of our time? *Internationalen Arbeitsgemeinschaft für Hymnologie, Bulletin* 24: 19-29.

### SELANDER S A

1996. Kirchenlied und Gesangbuch in einer Zeit der Säkularisierung. *Internationalen Arbeitsgemeinschaft für Hymnologie, Bulletin* 24: 1-17.

### SHELDON R (ed)

1989. *In spirit and in truth. Exploring directions in music in worship today.* London: Hodder & Stoughton.

### STRAUSS G

1998. Love is not a four-letter word. Modern and post-modern scholarly practice: the possibility of a Christian perspective as an alternative in ethics. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 34(special edition): 51-71.

### STRYDOM W M L

1994. 'Sing nuwe sange, nuutgebore'. *Liturgie en lied.* Bloemfontein: Dept Musiek (Afd Kerkmusiek), Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

UNITED CHURCH OF CHRIST

1995. *New Century Hymnal*. Carol Stream, Ill: Hope Publishing.

VAN DEN BROM L J

1996. *Creation, divine action and human freedom: the metaphor of the book*. Van Egmond & van Keulen (eds) 1996: 133-58.

VAN NIEKERK T

1970. Die invloed van die Sankeybeweging op die kerklied in Suid-Afrika. Ongepubl MMus-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

VAN ZIJL W J

1991. 'n Kerkhistoriese bibliografiese studie van die boek as draer van die Nederduitse Gereformeerde belydenis in Suid-Afrika (1652-c.1814). Ongepubl DTh-proefschrift, Universiteit van Stellenbosch.

VAJTA V

1970. Worship in a secularized age. *Studia Liturgica* 7: 72-85.

VILJOEN M

1997. Sentiment en die lied van die Nederduitsche Gereformeerde Kerk: 'n inhoudsanalitiese perspektief. Ongepubl MMus-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

VAN EGMOND A & D VAN KEULEN (eds)

1996. *Studies in reformed theology, 1: Freedom*. Baarn: Callenbach.

WAINWRIGHT G

1996. The hymnal between confessional particularity and ecumenical openness. *Internationalen Arbeitsgemeinschaft für Hymnologie Bulletin* 24: 30-55.

WESTERMAYER P

1992. Beyond 'alternative' and 'traditional' worship. *The Christian Century* 109: 300-2.

1995. The future of congregational song. *The Hymn* 46(1): 4-9.

WOLMARANS G J M

1984. 'n Kerksangbundel vir die jeug? *Die Hervormer* 75(11): 3.

WOLTERSTORFF N

1992. The Reformed liturgy. Major themes in the Reformed tradition. McKim (ed) 1992: 273-304.

WREN B

1983. *Faith looking forward: the hymns and songs of Brian Wren*. Carol Stream, Ill: Hope Publishing.

1986. Praise God and pound the typewriter — a critical appreciation of Thomas Troeger. *The Hymn* 37(3): 13-9.

YEE R M

1997. Shared meaning and significance in congregational singing. *The Hymn* 48(2): 7-11.

YOUNG C R

1997. The New Century hymnal. *The Hymn* 48(2): 25-38.